
# IN MEMORIAM

## Professor Piet F van der Schyff as historikus en mens

Dr LM (Bertie) Fourie
lmf@telkomsa



Met die onverwagse afsterwe van professor Piet van der Schyff op 13 Oktober 2013, het 'n kleurryke en sagmoedige mens en historikus ons ontval. Hy was bekend vir drie groot liefdes in sy lewe: Sy gesin, die dissipline Geskiedenis en sport. Hy en sy gade Elize (née Botha, afkomstig van die singende Badenhorst-familie aan moederskant, van Strydenburg en omgewing)[1] het hulle na sy aftrede op die hul plaas Sweetfontein (distrik Britstown) gevestig. Daar op die Karooplaas het hy, betaamlik vir 'n afgetrede historikus, 'n groot studeerkamer met aangrensende argief-museum ingerig.

Pieter Frederik van der Schyff is op 29 April 1939 op die plaas Klipplaatsdrift (distrik Ventersdorp) gebore, as lid van 'n Wes-Transvaalse mielieboer-familie, waar die hede, verlede en rugby 'n belangrike rol gespeel het. Hy was een van vier broers en twee susters, waarvan hy en twee broers vir die eerste rugbyspan van Potchefstroom Gimnasium en daarna vir die eertydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) uitgedraf het. By een geleentheid het al drie broers op dieselfde dag vir verskillende Wes-Transvaalse spanne gespeel. Die rugby-spelende Van der Schyff-broers was van oud na jonk ds. Jan, prof. Piet en Springbok-senter en boer Johan van der Schyff. Piet se belangstelling in sport was nie slegs tot rugby beperk nie: hy kon menige (heelwat jonger) man op die muurbal- asook tennisbaan 'n ding of twee wys. Hy was in 1973 President en in 1974 voorsitter van die PUK-muurbalklub en gedurende 1976-1977 ook voorsitter van die Wes-Transvaal Muurbalunie.

Van der Schyff het aan die Potchefstroom Gimnasium gematrikuleer, en het daarna die grade BA (1961) Honneurs (1962) UOD (1963) en in 1964 die MA-graad (Geskiedenis) met onderskeiding verwerf. Hy het onder andere Perswetenskap III addisioneel geneem, wat hom in sy latere geskiedskrywing en in talle populêre artikels oor historiese onderwerpe en politieke figure handig te pas gekom het. Daarmee het Van der Schyff die geskiedenis gepopulariseer

1 Kyk die FAK-sangbundel 4e druk 1994, Lied 381, die "Badenhorst-gesang".

in veral die koerante Beeld, Die Burger en die Volksblad. Op interessante en onderhoudende wyse het hy geskiedenis in die leser se sitkamer gebring en ook daarin geslaag om die dissipline Geskiedenis nie net sinvol nie, maar ook kleurvol aan te bied.

In 1964 is Van der Schyff as lektor-navorser in Geskiedenis aan die eertydse Universiteit van die Oranje-Vrystaat (vandag net Vrystaat) aangestel, waar hy nie alleen onder die welbekende prof MCE van Schoor gewerk het nie, maar ook sy vrou Elize ontmoet het. In Bloemfontein het hy hom veral toegelê op die byeenbring van dokumente oor die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis vir die tydperk sedert 1902. Daarna hy ook die geskiedskrywing oor die Nasionale Party van stapel gestuur. Die uitvloeisel van hierdie argivale werk was die ontstaan van die Politieke Argief waar dokumente van talle politici, politieke partye en instansies vir bewaring, ordening en navorsing 'n neerslag gevind het. Teen 1970 is die Politieke Argief omskep tot die bekende kwaliteit-navorsingsinstituut, bekend as die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) waar baie navorsers waardevolle navorsing kon doen. [2]

Van der Schyff is in 1971 as senior lektor in die Departement Geskiedenis van die PU vir CHO aangestel. In 1975 voltooi hy sy doktorsgraad, en ontvang die professoraat in 1980.

Sy proefskrif getiteld *Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse Politiek tot 1948* wat hy in 1975 verwerf het, is 'n omvattende studie van Louw as vermaarde politikus. In vele opsigte het hierdie navorsing aangesluit by die RGN-befondsde navorsingsprojek oor die Ossewa-Brandwag wat in die tagtigerjare deur Van der Schyff gelei is. Sy span was dr (later professor) Pieter de Klerk, dr Bertie Fourie, dr PJJ (Piet) Prinsloo (later professor) en mnr JJ Badenhorst. In 1991 is die finale verslag aangebied, getiteld: *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras.*

Verskeie publikasies het uit sy pen gevloei, waaronder 'n bronne-publikasie: *Suid-Afrikaanse Argiefstukke OVS nr. 4: Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat deel IV (1859)* en talle wetenskaplike bydraes tot onder meer die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* en die *Standaard Ensiklopedie van Suid-Afrika*, asook 'n groot aantal populêr-wetenskaplike en aktualiteitsartikels oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis en sport in verskeie koerante en tydskrifte.

2 Tans is die argief bekend as die Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA)/Archive for Contemporary Affairs (ARCA).

Daarbenewens was hy ten nouste betrokke by die beplanning en vestiging van argiewe op die hedendaagse Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus. Die Argief vir Wes-Transvaalse Geskiedenis asook die Ossewa-Brandwag-argief en die PUK (later NWU)-argief dra ook sy onmisbare stempel. Van der Schyff was gedurende die tagtiger-negentigerjare hoof van die Departement Geskiedenis op die Potchefstroom kampus.

As deel van sy belangstelling in die bewaring van historiese erfenisse het Piet in 1973 onder meer die vroeë oggendpraatjies oor "Ons politieke erfenisse" by die Suid-Afrikaanse Uitsaai Korporasie (SAUK) gelewer. In die tydperk 1973-1979 het hy verskeie openbare pleidooie gelewer vir die herinstelling van 6 April as openbare vakansiedag onder die naam Stigtingsdag, en die verskuiwing van Setlaarsdag na April. As dosent het hy sy studente inspireer, en het hy tyd gemaak om toere vir studente te reël en so is waardevolle geskiedkundige ervarings tot studente se boekekennis gevoeg.

Vanweë sy jarelange betrokkenheid by sy alma mater, het Van der Schyff verskeie publikasies oor die NWU voor samesmelting gepubliseer. Hieronder tel *Sages en legendes en ander lekker stories oor die PUK (I en II);* die sportboek *Dis oorlog man! 70 Jaar van Intervarsity teen Kovsies,* en *Mielieboer-sage* (laasgenoemde saam met die PUK-befaamde mnr Hans van Zyl) die lig laat sien. Sy indrukwekkendste bydrae tot die geskiedenis is waarskynlik die publikasie getiteld *Wonderdaad...! Die PUK tot 1951: wording, vestiging en selfstandigwording*: 'n omvattende stuk werk van meer as 700 bladsye, waarin ook aangetoon word hoe die Afrikaner se geskiedenis, soos die geval met die universiteite UOVS, Stellenbosch en Pretoria, onder meer deur die eertydse PU vir CHO loop. Alhoewel hy nie 'n streekshistorikus van hart was nie, het hy etlike projekte op hierdie terrein geïnisieer waarin hy groot belangstelling getoon het, en ook 'n bydrae in gemaak het. Een hiervan is sy redakteurskap van Bothaville en sy mense (1994).

Sy liefde vir rugby het neerslag gevind in sy publikasie *Paul Roos se Springbokke 1906-2006. Die storie van 'n man, sy span en sy skool* en 'n belangrike bydrae in 'n ander publikasie *The Badge* (oor die Springbokwapen). Dit was die gedeeltelike resultaat van sy betrokkenheid by die argiefversamelings van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, waarmee hy onder meer met die Suid-Afrikaanse rugby-ikoon Dr Danie Craven saamgewerk het. So het die ikoon en die professor saam beplan en gewerk aan die stigting van die Rugbyraad-argief vir die bewaring en ordening met die oog op geskiedskrywing oor die Suid-Afrikaanse en veral Springbok-rugby. Van der Schyff het as argivaris en

ere-argivaris daarvan opgetree. Vir hierdie doel het hy gedurende die laat negentigerjare onder meer oorsese reise by ander rugbylande onderneem vir die insameling van dokumente, beeldmateriaal en ander inligting.



Ongelukkig is Piet Van der Schyff nie die tyd gegun om hierdie groot projek (en ook ander projekte) te voltooi nie: Soos onder meer die geval met 'n beplande biografie oor Eric Louw, asook 'n boek oor die Suid-Afrika-Nederlandse verbintenis met die fokus op die Nederlandse gesant in Suid-Afrika Dr Jan van den Bergh waarin hy reeds baie navorsingmateriaal byeenge-bring het. Dan is daar die onvoltooide projek van prof Van Schoor oor die Rebellie van 1914, wat hy ook graag wou afhandel.

Professor Van der Schyff was lid van etlike akademiese en historiese verenigings: die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; die FAK; die SA Historiese Vereniging; die SA Vereniging van Argivarisse; die Stigting Simon van der Stel; die RGN se komitee vir finansiering en van navorsing in Geskiedenis; asook lid van die Beheerkomitee van die Instituut vir Internasionale Politiek (IPAS) aan die PUK. Hierbenewens was hy ook stigterslid en sekretaris van die Eric Louw-gedenkkomitee wat beywer het vir die inrigting van 'n gedenklokaal ter ere van wyle dr Eric H. Louw te Beaufort-Wes.

Sy nagraadse studente sal hom onthou as 'n historikus met 'n besondere fyn en kritiese oog vir die gebruikstegniek in, en plasing van, bron-erkennings asook bronverwysings in wetenskaplike werke. Prof Piet van der Schyff sal onthou word as 'n uitlewende en passievolle historikus wat lief was vir debat en Geskiedenis se "praktykkant" in vele populêre geskiedenisse wou laat deurskemer. Hy het besonder goed daar ingeslaag. Sy nalatenskap aan die historiese wetenskap is blywend en oral op nasionale vlak sigbaar.